higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N970**(A)**(M31)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

ARBEIDSVERHOUDINGE N6

(4110486)

31 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOëR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ARBEIDSVERHOUDINGE N6
TYD: 3 URE
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. VRAAG 1 en VRAAG 2 is verpligtend.
2. Beantwoord enige VIER vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Konflik kan deur verskillende leierskapstyle veroorsaak word.

1.2 Werknemers is ook 'n primêre vennoot en word deur vakbonde in 'n organisasie verteenwoordig.

1.3 Die regsraamwerk is 'n groep mense wat in 'n drieledige stelsel betrokke is.

1.4 Kollektiewe bedinging is 'n proses wat deur konflik tussen twee partye nodig gemaak word.

1.5 Die politieke kwessie verwys direk na die mate waarin partypolitiek (ANC, DA) 'n rol in die gemeenskap speel.

1.6 Wanneer konflik behoorlik bestuur word, kan dit positiewe resultate oplewer.

1.7 Die werkloosheidsyfer in Suid-Afrika is te hoog.

1.8 Die hoë stakingsyfer sal tot hoë produktiwiteit vir die onderneming lei.

1.9 Kollektiewebedingingspraktyke weerspieël dat alle mense, ongeag enige demografiese aspek, moet kan werk waar hulle wil.

1.10 Kollektiewe bedinging is formeel in gedesentraliseerde.

(10 × 2) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n woord of woorde in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Het arbeidshof vervang	A	ook bekend as summiere diensbeëindiging
2.2	KVBV	B	moet op skrif wees
2.3	Linievorming ('picketing')	C	Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie
2.4	Sosialisme	D	ingestel om op werknemers op fabrieksvlak te reageer
2.5	LIFO/ LIEU	E	die maatskaplike en ekonomiese leerstuk wat openbare eerder as privaat eienaarskap van of beheer or eiendom en natuurlike hulpbronne voorstaan
2.6	Grief	F	vind plaas nadat 'n geskil verklaar is
2.7	Nywerheidsoptrede	G	universeel aanvaarde kriterium vir aflegging
2.8	Ontslag	H	nie-gewelddadige metode wat werknemers gebruik om hul probleme aan eksterne belanghebbers bekend te maak
2.9	Kennis	I	nywerheidshof
2.10	Afskaling	J	ongelukkigheid oor 'n situasie wat formeel deur 'n werknemer aangeteken word

(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Noem VYF ekonomiese elemente wat deel van die ekonomiese kragte vorm. (5 × 2) (10)

3.2 Bespreek die resultate van kollektiewe bedinging. (6 × 2) (12)

3.3 Bespreek die personeelkonflik (interpersoonlike konflik) wat voorkom wanneer David en Peter, wat albei by die Departement van Arbeid werk, tydens 'n gesprek begin baklei. (5 × 2) (10)

3.4 Noem die VIER style van kollektiewe bedinging. (4 × 2) (8)
[40]

VRAAG 4

4.1 Onderskei tussen die gevolge van 'n *onbeskermde staking* en 'n *beskermde staking*. (6 + 6) (12)

4.2 Bespreek die gevolge van deelname aan linievorming ('picketing'). (4 × 2) (8)

4.3 Waarom is dit nodig om 'n effektiewe organisatoriese struktuur te hê om inligtingsvloei te maksimeer? (10 × 2) (20)
[40]

VRAAG 5

5.1 Noem VYF doelwitte van 'n grieweprosedure. (5 × 2) (10)

5.2 Bespreek die stappe in 'n grieweprosedure. (5 × 4) (20)

5.3 Gee VYF voordele van die EIEU (LIFO) - beginsel. (5 × 2) (10)
[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1	Bespreek die vereistes wat gevolg moet word wanneer personeel afgelê word.	(6 × 2)	(12)
6.2	Noem SES riglyne vir 'n dissiplinêre verhoor.	(6 × 2)	(12)
6.3	Noem VYF wette (wetgewing) wat op menslike hulpbronne betrekking het. (5 ×		(10)
6.4	Wat is 'n *dissiplinêre onderhoud*?	(6 × 1)	(6)
			[40]

VRAAG 7

7.1	Onderskei tussen *prosedurele en substantiewe ooreenkomste*.	(6 × 1)	(6)
7.2	Waarvoor staan WBDV (BCEA in Engels)?		(2)
7.3	Noem die eksterne omgewingsfaktore wat kollektiewe bedinging beïnvloed en bespreek elke faktor kortliks.	(14 × 2)	(28)
7.4	Verduidelik elk van die volgende kortliks:		
7.4.1	Opdraggroep ('briefing group')		
7.4.2	Werkplekforum	(2 × 2)	(4)
			[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou